Januarie 2020

Wêreldekonomie

Die VS-ekonomie het 2,3% in 2019 gegroei, volgens hul handelsdepartement. Dit was die stadigste sedert 2016 na die 2,9%-groei in 2018. In Januarie 2020 het die raming van VS-verbruikersvertroue, soos gemeet deur die Kongresraad, skerp tot 131,6 indekspunte gestyg, op van 'n hersiene 128,2 in Desember 2019. VS-huispryse het 'n rekord in November 2019 bereik en is nou 6,1% bo die piekprysvlak voor die wêreldwye finansiëlemark-krisis. Die VS Instituut vir Voorraadbestuur se koopbestuurdersineks, gegrond op 'n opname van vervaardigers, het tot 50,9 in Januarie gestyg van 'n vierjaar-laagtepunt van 47,8. Die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) het die China koronavirus 'n wêreldwye noodtoestand verklaar, nadat gevalle na ander lande versprei het. China berei stappe voor om by 'n stadiger koers van ekonomiese groei aan te pas, aangesien dit nie lyk of die koronavirus uitgewoed is nie. Navorsing deur Bloomberg Economics raam dat die ekonomiese koste van Brexit reeds £130 miljard bereik het.

SA Ekonomie

Toyota Suid-Afrika Motors (TSAM) gaan R4,28 miljard in sy plaaslike werksaamhede tot die einde van 2020 belê. Nuwevoertuigverkope het 8,1% in Januarie gedaal, vergeleke met 'n jaar vroeër. BMW se besluit om besonderhede van maandelikse verkope oor die hele wêreld te weerhou, maak dit egter moeilik om tot 'n gevolgtrekking te kom, gegrond op die eerste maand se verkope in 2020. Die Suid-Afrikaanse nuwevoertuigverkoopsmark sal met 4% in 2020 krimp, het Toyota Suid-Afrika Motors (TSAM) se voorsitter en HUB, Andrew Kirby, gesê. Die Absa koopbestuurdersindeks (KBI) het met 1,9 indekspunte tot 45,2 gedaal, volgens 'n verklaring van die bank. Inkomste-invordering, veral maatskappy-inkomstebelasting en BTW, was volgens ekonome stadiger in Desember. Terselfdertyd was staatsbesteding tot in Desember meer as 14% hoër op 'n jaar-tot-jaar-grondslag. Dit beteken dat Suid-Afrika se fiskale tekort tot op hede R249,7 miljard beloop, vergeleke met R163,1 miljard in dieselfde tydperk verlede jaar. In Desember 2019, het SA se produsente-inflasie met 0,2% maand tot maand gestyg, aansienlik meer as die 0,3% maand-tot-maand-daling wat in November aangeteken is (Bloomberg). Vir 2019, het produsente-inflasie 'n gemiddeld van 4,6% getoon.

Tendense en geleenthede

- Die Suid-Afrikaanse nuwevoertuigverkoopsmark sal met 4% in 2020 krimp.
- Brittanje gaan die verkope van petrol- en dieselmotors vanaf 2035 verban.
- Die wêreldbevolking gaan waarskynlik met ongeveer een miljard mense in die volgende dekade toeneem, wat geweldige druk op die planeet se beperkte hulpbronne sal plaas.

"When people are financially invested, they want a return. When people are emotionally invested, they want to contribute." – **Simon Sinek**, *author of The Infinite Game*

RvD de Kock **PJ de Jongh**